# ONTBERINGS VAN DIE AFRIKAANSE VROU GEDURENDE DIE PIONIERSTYD

**Mev. J.C. Pretorius**
*Universiteit van Pretoria*

Met die vestiging van die eerste blanke koloniste aan die Kaap, is die stryd teen die harde Suid-Afrikaanse bodem onmiddellik aangeknoop. Meer as twee eeue lank het pioniers die binneland steeds dieper binnegedring.

Oor die lotgevalle van hierdie mense op die voorposte, lees ons in reisbeskrywings, briewe en gedenkskrifte. Dat die lewe van die pionier, en veral die pioniersvrou, moeilik en vol ontberings was, spreek vanself. Die doel van hierdie ondersoek is om die aandag op die lot van die Afrikaanse pioniersvrou te vestig — veral die fisiese ontberings wat sy te bowe moes kom.

## *I. Die Stryd teen die Natuurelemente*

In die binneland van die Kaapkolonie was die pioniers blootgestel aan groot temperatuurskommelinge. Talle reisigers uit die 18e en 19e eeu kla oor die geweldige hitte van die dorre Karoo. 'n Reis met die tydsame ossewa moes in sulke omstandighede 'n beproewing gewees het. Vandaar dat die gewoonte om veral snags te reis in warm, droë streke posgevat het. In die hooglande soos die Sneeuberge, kon dit daarenteen snerpend koud word in die winter. Goewerneur van Plettenberg verhaal hoe hy op sy reis in September 1778 in die Sneeuberge die geraamtes van 3 000 skape sien lê het wat gedurende die vorige maand in die sneeustorms verkluim het.[1] Daarby moet onthou word dat die huise ondig en ongerieflik was en kaggels ontbreek het. 'n Bykomende ontbering was die skaarste aan brandhout, soos deur dr. Mackrill in sy dagboek vermeld.[2] Vuur is van mis gemaak wat tot die verbasing van Mackrill 'n mooi rooi kool sonder vlam gemaak het.

Langdurige droogtes was gedurende die 18e en 19e eeu geen seldsaamheid in die binneland nie. Dit het groot ontberings meegebring, want gesaaides en tuine het verdroog sodat brood en groente uiters skaars was. Die reisiger Howison vertel van 'n boer wat langs die Leeuwrivier in die Karoo, in die huidige distrik Beaufort, gewoon het. Daar het vier agtereenvolgende jare geen reën geval nie; die rivier was brak en die water ondrinkbaar; die vee het gevrek van die droogte en hy het tevergeefs in die brak grond probeer tuinmaak. Wild kon hy nie skiet nie, omdat sy ammunisie op was. Brood het hy vir 'n lang tyd nie geëet nie.[3] Dat dit vir die huisvrou onder sulke omstandighede moeilik was om 'n deeglike maaltyd voor te berei, spreek vanself.

In die land van uiterstes het oorstromings ook sy tol geëis. Lichtenstein vertel hoe 'n boer in Agter-Bruintjieshoogte se hele koringoes deur 'n wolkbreuk verwoes is, terwyl een van sy bure 3 000 skape verloor het as gevolg van verdrinking. In 'n ander huis is 'n baba in 'n houtwiegie deur 'n watervloed

G.M. Theal: Reis van den Gouverneur Joachim van Plettenberg, 1778. (Belangrijke Historische Dokumenten I, p.270)
2. M. Kannemeyer: Dr. Mackrill's Notebook (Africana Notes and News, Maart 1951 vol. VIII no. 2 p.58.
3. J. Howison: European Colonies in various parts of the World, viewed in their Social, Moral and Physical Condition I p.346, soos aangehaal deur P.J. van der Merwe in Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p.231.

weggevoer, terwyl die ouer kinders hul ternouernood kon red deur op die balke van die dak te klouter.[4]

Tot die ongerief en ontbering het insekte en wilde diere grootliks bygedra. Vlieë was gedurende die 18e en 19e eeu aan die Kaap 'n ware plaag. Lichtenstein vermeld hoe hulle reisgeselskap in die Klein Roggeveld deur die vlieë lastig geval is. Die bewoners van daardie streek het die plaag probeer bestry deur 'n strooihalm in melk te doop en aan die dakbalke op te hang. As dit vol vlieë was, is 'n sak onder die strooi gehou en die vlieë daarin afgeskud. In die Tulbagh-omgewing het die slawe in die veld 'n bos met klewerige blare (Roridula dentata) in die huis geplaas. In 'n ommesientjie was dit oortrek van vlieë.[5] Ook Augusta de Mist skryf in haar dagboek hoe ontelbare vlieë hulle op hul reis lastig geval het, ten spyte van die feit dat die dames sluiers gedra het.[6] Die reisiger Thunberg het op sy reis gedurende 1773 by 'n trekboer in Coega vertoef en is deur die vrou 'n kommetjie melk aangebied. Hy vertel: ".....we had not been long seated before the whole basin of milk was covered with a swarm of flies, so as to be quite black with them; and the hut was so infested with flies that we could not open our mouths to speak."[7] Teenstra kla in 1825 ook nog oor die vlieë aan die Kaap: "Ook de zwarte vliegen mag men als een Kaapsche plaag beschouwen; dezelve zijn hier zeer menigvuldig en onbeschroomd,zodat men niet zelden 4 5 in een weinig gestaand hebbend glas wijn ziet verdrinken; hare menigvuldigheid in de huizen is bijna ongeloofelijk."[8] Vir die sindelike huisvrou moes dit onaangenaam gewees het.

Rysmiere het groot skade aan vloere en mure van die huise aangerig. In Graaff-Reinet se wêreld het die vlermuise saans deur die kersvlamme gevlieg en hulle uitgedoof, sodat dit feitlik onmoontlik was om in 'n kamer te sit waarin daar 'n lig gebrand het.[9]

Die binneland het gedurende die 18e en 19e eeu nog gewemel van wild en gevaarlike roofdiere. Valentyn vertel hoe hy in 1705 naby Stellenbosch 'n huis gesien het wat vyf dae tevore deur 'n olifant totaal verwoes is.[10] Staaltjies oor avonture met leeus is volop. Augusta de Mist noem die geval van 'n boer wat, terwyl hy agter sy huis gewerk het, sy kinders voor die huis hoor skree het. 'n Groot leeu het hom in die skadu voor die huis kom tuismaak. Die boer het sy kinders beveel om stil te sit, die geweer wat teen die voorhuis se muur gestaan het, gegryp en die leeu deur die oop bo-deur doodgeskiet; 'n paar duim bokant die koppe van sy vrou en kinders .....[11] Geen wonder dat die vroue moes leer om self die geweer te hanteer en hulle man te staan nie. Volgens verslae van reisigers het die veld ook gewemel van

4. H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa I (Van Riebeeck-Vereniging no. 10, 1928 p.423).
5. H. Lichtenstein: a.w. p.149.
6. Jonkvrouw Augusta Uitenhage de Mist: Diary of a Journey to the Cape of Good Hope and the Interior of Africa in 1802 and 1803 (Vertaling, E.H. Burrows p.23).
C.P. Thunberg: Travels in Africa and Asia, p.92.
8. M.D. Teenstra: De Vruchten Mijner Werkzaamheden, Gedurende mijne Reize, Over de Kaap de Goede Hoop, Naar Java, en Terug, Over St. Helena, Naar de Nederlanden. Uitgegee en toegelig deur F.C.L. Bosman (Van Riebeeck-Vereniging 1943, p.82).
9. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, vol. I p.64—65.
10. Dorpsraad, Stellenbosch: Stellenbosch 1679—1929, p.57.
11. Jonkvrouw Augusta Uitenhage de Mist: Diary of a Journey to the Cape of Good Hope and the Interior of Africa in 1802 and 1803 (Vertaling, E.H. Burrows p.154) Vgl. ook Lichtenstein, a.w. II p.225.

giftige slange en skerpioene. Die kinders het hulle soms Sondae, as die grootmense rus, vermaak deur slange dood te gooi. Dit was die enigste dier wat hulle toegelaat is om op 'n Sondag om die lewe te bring.[12]

*2. Ontberings op die Trekpad*

Wanneer die veeboer weens sake- of persoonlike redes genoodsaak was om na die Kaap te reis, was hy verplig om sy gesin saam te neem uit vrees vir Boesmanstrooptogte tydens sy afwesigheid. Die reis na die Kaap was tydrowend en gevaarlik. Paaie was soms onbegaanbaar, brûe het ontbreek en die berge het 'n gedugte verkeershindernis gevorm. Tydens die oortog oor die berge het teenspoed en rampe voorgekom: die osse het soms geval, die hoewe van trekdiere het gebloei weens die skerp klippe en soms was tot ses man per wa nodig om te verhoed dat die wa teen die skuinste afrol.[13] Die berugte Houwhoekpas was só steil dat die vrag dikwels afgelaai en oor die pas gedra moes word. Riviere wat afkom, kon die reis weke lank vertraag, wanneer die reisigers, soos die boere gesê het: "Aan die verkeerde kant van die rivier" gesit het.[14] Driwwe was ook vol gate en los klippe. Geen wonder dat die reis na die Kaap maande kon duur nie. Van die Kamdebo na die Kaap en terug, het maklik drie maande geduur.[15]

Adam Tas kla reeds in sy Dagboek oor "een droevig pad" en ook dat hy "noojd hollebolleger" paaie gesien het nie.[16] In 1740 was die pad deur die Roodezandskloof nog só sleg dat die inwoners van die Land van Waveren teen "onheile" gewaarsku is.[17] Selfs aan die einde van die 18e eeu vertel Johanna Duminy in haar dagboek hoe 'n sekere mev. Hop, van Stellenbosch, en haar seun op pad na die warm bron in die Zwartberge (by die huidige Caledon) teenspoed gekry het. Hulle wa het omgeslaan en mev. Hop het haar hand beseer.[18]

Afgesien van die lang reise met die ossewa, was daar ook nog die gereelde seisoenstrekke op soek na weiveld. In die Roggeveld was die gebruik bv. om "en den winter met het geheele huishouding op te breeken, en in de Carro en ztrooohutten verblijf te houden."[19] Hierdie trek twee keer per jaar met vrou, kind en besittings, was 'n groot beslommernis.

Op hierdie reise, en natuurlik ook gedurende die Groot Trek, moes die vrou nie alleen groot ongerief verduur nie, maar dikwels ook aktief meehelp. Anna Steenkamp vertel in haar dagboek: ".....en ook verliet onse diensbodens toen moes de mijsjes lijen en drijven om de wagens te vervoeren en het vee aan te jagen door al de onbeteugelde nasies."[20] Die vroue het selfs gehelp om 'n pad te vind toe Louis Trigardt se trek oor die Drakensberg

12. C.N.J. du Plessis: Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders, p.312.
13. J.B. Scott: The Eastern Cape 1700—1800. A General Survey. (Ongepubliseerde verhandeling, M.A. 1968 U.P.E. p.51.)
14. W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa (1953), p.69.
15. P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p.197.
16. Adam Tas: Dagboek (red. L. Fouché, V.R.V. Tweede Reeks no. 1 p.160).
17. Dagregister van Stellenbosch en Drakenstein, 5 Jan. 1740, aangehaal deur A. Böeseken: Van Verversingspos tot Volksplanting, (Deel I van A.J. Böeseken e.a.: Drie Eeue p.220).
18. J.L.M. Franken: Duminy-Dagboeke (V.R.V. no. 19) p.106.
19. G.M. Theal: Reis van die Kommissie van Veeteelt en Landbou (Historische Dokumenten over Zuid-Afrika III, p.211).
20. Dagboek van Anna E. Steenkamp en Fragmentjies oor die Groot Trek, deur 'n paar Saamwerkers, p.12.

moes kom. Op 1 Desember 1837 teken Trigardt aan: "Mijn vrouw, Juffrouw Schepers (en) Juffrouw Pretorius zei, dat zij een gelegentheid gevonden heb dat haar gedagten is, dat as wij werken wil daar een pad af ken gemaak worden."[21]

Die pioniersvrou het gevolglik lang tye op die trekpad in die ossewa deurgebring. Hier moes sy haar kinders versorg, siekes verpleeg en vir die maaltye sorg. Dikwels was die skaduwee van die wa die enigste wat daar was. In die middag is daar gewoonlik gerus en in die koel namiddag en snags getrek.[22] In die oggend met uitspantyd maak die vroue 'n soort hut onder die wa in die skaduwee en berei 'n maaltyd voor van soutvleis of vars skaap- of wildsvleis.[23]

Vir die pioniersvrou was dit nie gegun om rustig in haar woning te leef en haar omgewing te verfraai nie. Daar was vroue wat die grootste deel van hulle lewe in die ossewa, in tente of in haastig-opgerigte hutte deurgebring het.

*3. Armoede en Ongerief*

Vanuit die staanspoor het die pioniersvrou armoede geken en moes sy tevrede wees met 'n eenvoudige riet- of kleihuisie. Die Hugenotevrou het alreeds hiermee kennis gemaak. Om haar huishouding mee te begin, het sy van die V.O.C. gekry: "1 ijsere pot, 10 mengel traan, 4 mengel olijvenolij, 6 mengel azijn, 3 lb peeper".[24] Met 'n paar karige besittings en die allernodigste gereedskap moes sy en haar man die ongerepte moederaarde bewerk — "zijnde dezeve mogelijk van die scheppingh der werelt noijt bearbeijt, of geroerd geweest".[25] Weliswaar is hulle in 'n skilderagtige omgewing gevestig, maar dit was heeltemal wild en ongerep. Selfs die lyke wat in die oop veld begrawe is, is soms deur wilde diere uitgegrawe.[26]

Die Afrikaanse vrou op die voorposte het nooit weelde geken nie. Selfs al het haar man duisende stuks klein- en grootvee besit, was haar huis klein en onaansienlik. Die reisiger Paravicini di Capelli was in 1803 baie verbaas om die welgestelde kommandant Johannes van der Walt op sy plaas aan die Zeekoerivier in 'n rampsalige riethuisie aan te tref.[27]

Die huis van die pioniersvrou het uit 'n eenvoudige konstruksie van pale, riet en gras bestaan of 'n kleihuisie met grasdak. Daar was geen plafon nie en glas vir vensterruite was onbekombaar. Eers teen die tweede helfte van die 19e eeu het daar op die voorposte só 'n mate van bestendigheid ontstaan, dat geriefliker huise opgerig kon word en die vrou die weelde van 'n kombuis in die huis, met aangeboude oond kon smaak. Voor die tyd moes sy in wind en weer die kokery in 'n kookskerm buite die huis behartig, terwyl brood dikwels in uitgeholde miershope gebak is of in gate wat die vroue eiehandig in

21. Louis Trigardt: Dagboek (red. Preller) p.225.
22. Jonkvrouw Augusta Uitenhage de Mist: a.w. p.23.
23. Lichtenstein: a.w. I, p.27.
24. Verbatim Copy 107, K.A.: Aangehaal deur J.L.M. Franken: Piet Retief se Lewe in die Kolonie, p.13.
25. C.502, Uitgaande Brieven: Simon van der Stel — Patria, 15 April 1689, p.328, aangehaal deur P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, p.17.
26. C. Spoelstra: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I, p.129.
27. Paravicini W.B.E. Di Capelli: Reize in de Binne-landen van Zuid-Afrika, uitgegee en toegelig deur W.J. de Kock (V.R.V. no. 46, p.177).

rivierwalle gemaak het. In 1815 het landdros Stockenström in Graaff-Reinet die maak van gate in die walle van die Sondagsrivier met die doel om dit as oonde te gebruik, verbied.[28]

'n Besoek aan die woning van die weduwee Marie Magdalena Ferreira aan die Gouritzrivier teen die helfte van die 18e eeu, toon dat haar aardse besittings maar karig was: 'n tafel en drie stoele, 'n spieël teen die muur, 'n kandelaar en twee kaste. Borde en skottelgoed van tin was daar, asook 'n tinteepot. Die koppies was "breekgoed" en haar kosbaarste besitting ..... Sy het ook 10 lepels, 6 messe en vurke besit en 'n karring om haar eie botter te maak. Aan die muur was haar man se roers en pistool waarmee sy vertroud was. Die boerdery van 88 beeste, 565 skape en 6 perde, moes sy alleen behartig met die hulp van 'n paar getroue Hottentotte.[29]

Vir kosbare meubels was daar op die voorposte geen plek nie. Medland se gekleurde akwatint: "A Boer wife taking her Coffee", in die Africanamuseum, Johannesburg, gee 'n goeie beeld van die pioniersvrou se huis: 'n eenvoudige eetkamertafel, 'n kleiner tafeltjie waarop die koffieketel en konfoor staan, 'n eenvoudige katel met riempiesmat, wakiste vir klere en waardevolle besittings en 'n paar riempiesmatstoele deur die boer self gemaak of vir honderde kilometer saam gekarwei. Die vrou se hart moes soms gehunker het na fraai meubels om haar huis te versier.

*4. Inboorlingaanvalle*

Daar moet onthou word dat die Afrikaanse pionier twee eeue lank die skyf van inboorlingaanvalle was. Reeds vanaf die begin van die 18e eeu was die Boesmans 'n bron van gevaar vir die veeboer. Die bewoners van die Land van Waveren het al in 1701 vee verloor deur Boesmanrooftogte. Toe lg. hier verdryf is, is die stryd in die Bokkeveld voortgesit. Aan die einde van die 18e eeu en gedurende die grootste gedeelte van die 19e eeu was die Boesmans 'n groot gevaar in die Sneeuberge. Die reisiger Barrow vertel: "Should the farmer depart to the distance of five hundred yards from his house, he is under the necessity of carrying a musquet.".[30] Die Boesmans het gewoonlik die plaas vanuit die berge bespied en wanneer die boer sy plaas verlaat, toegeslaan. Dikwels moes die vrou dan alleen haar man staan om eiendom en lewe te verdedig.

Lichtenstein maak melding van die dapper vrou van veldkommandant Gerots wat op 'n tyd toe die Boesmans gedurende sy afwesigheid 'n groot aantal van hul skape gesteel het, met slegs één Hottentot die rowers self agternagesit, op hulle geskiet en hulle op die vlug gejaag het.[31] Hy vertel ook van die ontberings van 'n jong Coetzé-vroutjie in die Roggeveldberge. Al die huismense is deur die Boesmans vermoor terwyl sy deur hulle weggevoer is en na 'n week deur 'n kommando boere gered is toe die booswigte op die punt was om haar van 'n hoë krans af te gooi.[32] In haar dagboek beskryf Johanna Duminy die lotgevalle van 'n Ferreiragesin wat die kerkdiens van ds. M.C. Vos wat in hul omgewing gehou is, gaan bywoon het (1797). 'n Seun wat

28. J. Walton: Homesteads and Villages of South Africa, p.29.
29. M.O.O.C., Inventarissen 8/8, K.A.: Aangehaal deur A.J. Böeseken: Van Verversingspos tot Volksplanting, p.238.
30. J. Walton: a.w., p.57.
31. H. Lichtenstein: a.w. II, p.44.
32. H. Lichtenstein: a.w. I, p.125.

agtergelaat is om na die vee te kyk, is deur die Boesmans vermoor, waarna hulle die hele opstal en werf verwoes het. Die beddegoed is stukkend gesny, die vere en droë vrugte deurmekaar gestrooi, vrugtebome afgekap en die groente uit die grond gepluk. Onbeskryflik moes die toneel gewees het wat die gesin by hulle tuiskoms begroet het.[33]

Dat die vroue onder hierdie aanvalle baie ontberings moes deurmaak, spreek vanself. Die reisiger Paterson vermeld in sy reisbeskrywing (1789) die geval van 'n vrou naby die Renosterrivier wat jare lank gely het aan 'n wond veroorsaak deur die vergiftigde pyl van 'n Boesman.[34] Vroue soos Hester Venter moes geliefdes aan die dood afgee deur die toedoen van die Boesmans. Hester Venter het die dood van haar seun, Andries, in 1798, só berym:

"In een spelonk bij eenen steenen krans,
Ja op dien dag, gansch onverwacht,
Omsingeld door de Boschjismans;
O Gruwel, booze euveldaad,
Zoo fris als wel gezond,
Door boze list en helsch verraad,
Verwoed ter dood gewond ....."[35]

Kaptein Paravicini di Capelli beskryf die aaklige lot wat Susanna Magdalena du Preez, vrou van Cornelis Botha, in 1802 getref het. 'n Dertigtal swerwende Hottentotte en Xhosas het op 'n dag onverwags hulle plaas omsingel en die huis aan die brand gesteek, sodat sy, haar man en hul seun verplig was om na buite te vlug. Die vrou moes toesien hoe haar man en seun doodgesteek word, waarna sy nakend uitgetrek is en aan die stert van 'n os vasgebind is. Die dier is die bosse ingeja en twee volle dae lank is sy so agter die os aangesleep tot 'n boer haar per toeval ontdek en met sy wa na veiligheid gebring het.[36]

Na die botsings met die Xhosas op die Oosgrens, moes die veeboere en hulle gesinne dikwels hulle plase inderhaas verlaat en vlug. Dan was hulle genoodsaak om ter wille van die veiligheid bymekaar te bly onder uiters ongerieflike omstandighede, weens die beknoptheid van die huise. Lichtenstein vertel op realistiese wyse hoe hulle reisgeselskap een nag weens reën skuiling moes soek in die woning van veldkornet Müller op sy plaas Rietfontein aan die Van Stadensrivier. 'n Deel van die huis was deur die Xhosas verwoes en almal moes in die kombuis skuiling soek te midde van huilende kinders en blaffende honde! Hulle moes dié nag op 'n soort kermisbed op die kombuisvloer deurbring.[37]

Die ontberings wat die vrou gedurende die moorde tydens die Groot Trek ondervind het, is welbekend. Johanna van der Merwe en Margaretha

33. J.L.M. Franken: Die Duminy-Dagboeke (V.R.V. 1938, p.93).
34. W. Paterson: A Narrative of Four Journeys into the Country of the Hottentots and Caffraria, aangehaal deur V.S. Forbes: Pioneer Travellers in South Africa, p.85.
35. De Ondervindelijke Bekeeringsweg van de zalige vrouw Hester Venter, expresselijk in het licht gegeven, op verzoek van den Heer Johannes Petrus Venter, Sen., Schoonzoon van de verstorvene Mejufr. Hester Venter, Buffelsvallei, Hantam, District Colesberg, aangehaal deur H. Aucamp en M. Bakkes: 'n Baksel in die Môre, p.66.
36. Paravicini W.B.E. Di Capelli: Reize in de Binne-landen van Zuid-Africa, uitgegee en toegelig deur W.J. de Kock (V.R.V. 1965, p.27).
37. H. Lichtenstein: a.w. I, p.281.

Prinsloo is elk met meer as twintig assegaaisteke onder die verminkte lyke by Bloukranslaer uitgehaal. Klasina le Roux is op agtjarige ouderdom met sewentien assegaaisteke tussen die puin en verbrande waens gevind — sy word later negentig jaar oud. Betta de Beer se baba is in haar arms doodgesteek, maar sy het ontkom. Altesaam 56 vroue is in Natal vermoor.[38]

Die vrou het gedurende die Trek ook 'n aktiewe aandeel gehad aan die gevegte. Hulle het langs die mans gehurk en die ou lomp gewere gelaai. By Boesmansrivier moes hulle help om die laer slaggereed te maak. In hierdie geveg het veral mev. Gert Maritz haar deur haar dapperheid onderskei. Die moed van die vroue moes vir hul mans in hierdie tyd 'n groot steun gewees het.

5. *Harde Fisiese Arbeid*

In teenstelling met die verwende vroue van Kaapstad en omgewing, was die pioniersvrou genoodsaak om harde fisiese arbeid te verrig as dit nodig was. Haar pligte was legio: vleis bewerk, bak, seep kook, kerse maak, klere maak met die hand, kinders versorg en opvoed en siekes verpleeg.

Dit het gebeur dat die vrou moes help met die bou van die huis. In haar dagboek maak Johanna Duminy melding van die Niemands wat naby die Duminy's se veeplaas suid van die Bokkerivier geboer het. Mev. Niemand het sewentien jaar lank in 'n klein en armoedige pondokkie gewoon. Sy en haar man het self die koring gesny terwyl hulle seuns nog te klein was om hand by te sit. Mettertyd het hulle die huis vergroot met roustene wat deur mev. Niemand self gevorm is. Johanna Duminy merk teenoor haar suster Mietha op: "is mijn slaave mijde niet duysend maal gelukig dan die arme vrouw want tot nog toe draagt sy self haar houijt en waater en soo al die werk sij tapt ook self aalewee."[39]

In die Dagboek van Louis Trigardt lees ons dat die vroue gehelp het met die bou van die tydelike huise tydens die Trek. Trigardt teken aan op Woensdag, 2 Maart 1837: "Ook heb mijn vrouw en Nietje, ouwe Hannis zijn vrouw, huis geplijster."[40]

Tydens die Trek moes die vroue en dogters self die wasgoed was as hulle 'n tydjie oorgestaan het. Erasmus Smit meld in sy dagboek op 19 Julie 1837, dat sy vrou oor swaar pyne kla "die 't koude water haar veroorzaakt heeft met klederen te wassen bij de rivier."[41]

6. *Die Lot van die Weduwees*

Die pioniersjare in Suid-Afrika was lewensgevaarlik vir man, vrou en kind. Afgesien van epidemiese siektes, was die grootste oorsaak van sterfte onder die mans sekerlik ongelukke op die jagveld of op kommando. Weens die swak mediese sorg het wonde wat só opgedoen is, dikwels noodlottige gevolge gehad. Baie ongelukke het plaasgevind as gevolg van waens wat omval op die steil bergpasse, perde wat hulle ruiters afgooi, verdrinkings in vloede en aanvalle deur wilde diere. Die koloniste was oor die algemeen gesonde mense, maar het nie ou bene gemaak nie.[42]

Hierdie feit word goed geïllustreer deur die tweede poging wat deur die

38. A.N. Pelzer: Die Transvaler, 13 Desember 1949.
39. J.L.M. Franken: Die Duminy-Dagboeke (V.R.V. 1938, p.93).
40. Louis Trigardt: Dagboek (red. Preller) p.50.
41. A. de Villiers: Vrouegalery, p.41.
42. W. Paterson: A Narrative of Four Journeys into the Country of the Hottentots and Caffraria, p.41.

boere aangewend is om oorlewendes van die Grosvenorramp op te spoor in 1790, nadat hardnekkige gerugte van blanke vroue onder die Xhosas die rondte gedoen het. Die leier van die ekspedisie, Holtzhausen, het op hierdie tog in 'n Xhosa-wildval beland en sy hand beseer op 'n skerp stok. Hy het tetanus opgedoen en beswyk. 'n Ander lid van die ekspedisie, Lodewyk Prins, is deur 'n olifant aangeval, doodgetrap en tien meter hoog die lug in gegooi.[43]

Uit bogenoemde word dit duidelik waarom reisigers in hulle verhale die groot aantal weduwees op die platteland vermeld. Hierdie vroue moes self op die plaas die mas opkom en het veral swaargekry wanneer hulle kinders klein was en nog nie met die boerdery kon help nie. Reeds uit die 17e eeu is sulke gevalle aan ons bekend. Trijn Ras, wat altesaam vyf keer getroud was, moes drie mans aan die dood afstaan weens noodlottige beserings deur wilde diere en Hottentotte.[44]

'n Studie van die dokumente van die Weeskamer in die Kaapse Argief, bring talle voorbeelde van weduwees wat alleen op hul plase geboer het, aan die lig. Daar is o.a. die geval van Johanna van der Walt wat na die dood van haar man, Geele Andries van der Walt in 1758, met agt kinders agtergebly het op hul plaas Uytkijk in die Roggeveld. Sy het drie leningsplase besit, 197 beeste, 4 314 skape, 154 bokke en 9 perde. Sy het maar swaargekry, want die rekognisiegeld op die plase was agterstallig. In haar eenvoudige grenswoninkie was daar slegs vyf stoele en twee kiste, 'n paar porseleinborde en tinborde vir die kinders. Haar twaalfjarige dogtertjie, Renske, het gehelp met die versorging van die kleiner kinders. Geen wonder dat Johanna van der Walt besluit het om met die skoolmeester, Christiaan Lessing, in die huwelik te tree nie. Terwyl hulle vir die huweliksbevestiging in die Kaap sou wees, sou die kinders na die veertienjarige Hendrik moes luister.[45]

Lichtenstein noem die name van tientalle weduwees wat hulle op hulle reis ontmoet het en wat hulle gasvry ontvang het. So het hulle bv. 'n aangename verblyf geniet by die weduwee Lieuwenberg naby Piketberg. Die plaas was mooi geleë, met 'n dubbele ry akkerbome en 'n netjiese, goedgeboude huis. Hulle is vriendelik deur die bejaarde weduwee ontvang wat hulle 'n maaltyd onder die bome aangebied het. Kommissaris-Generaal de Mist het haar geprys oor die goedversorgde plaas.

Dat hierdie weduwees van die binneland wel deeglik hulle man kon staan, blyk uit die feit dat die weduwee Van der Westhuizen van die plaas Klipvlei, naby die Kamiesberge, die reisiger Le Vaillant 'n deftige loesing met die sambok gegee het toe hy hom te vrypostig teenoor haar dogter gedra het.[46]

In die lig van hierdie omstandighede is die volgende eienaardige uitdrukking dus ook te verklaar: "Kind, sit tog op jou kappie; dink aan jou tweede huwelik, moenie so verbrand nie."[47] Die moontlikheid van 'n tweede of derde huwelik is dus feitlik as vanselfsprekend aangeneem.

43. C.G. Botha: The Wreck of the Grosvenor (V.R.V. no. 8, pp.172—173).
44. A. Hulshof: H.A. van Rheede tot Drakenstein, heer van Mydrecht: Journaal van zijn verblijf aan de Kaap. (Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap, Deel 62, p.149.
45. Papiere van die Weeskamer, Nr. 37 van Inventarissen van die distrik Drakenstein, 16 Oktober 1759, aangehaal deur A.J. Böeseken: a.w., p.248.
46. V.S. Forbes: Pioneer Travellers in South Africa, p.122.
47. Bess Spruyt-Lambrechts: Sosiale lewe in die ou Transvaal, (S.A.U.K.-publikasie, 1966, p.10).

*7. Siektes en Sterftes*

Dat die Afrikaanse pioniers oor die algemeen goeie gesondheid geniet het, blyk onder meer uit die dagboek van dr. Mackrill, wat gedurende 1816 deur Tarka en die Sneeuberge gereis het. Hy skryf: ".....both man and Beast enjoy an uninterrupted state of high health, I furnished myself with a stock of medicines, but in the Space of two Hundred and forty Miles, I met not with a single soul who wanted my Assistance."[48]

Nogtans was daar onder die vroue siektes en kwale wat groot ongerief en pyn veroorsaak het. Adam Tas noem in sy Dagboek o.a. seer oë en borsverswerings. Hy noem die seer oë, wat 'n algemene verskynsel aan die Kaap was, "een Quade plaag" wat nie spoedig genees nie.[49] Geneeshere was op die platteland feitlik onbekend tot diep in die 19e eeu. Oor die algemeen moes die pioniersvrou in geval van siekte van huismiddels gebruik maak. Ook was daar 'n aantal warm bronne wat gereeld deur die boere besoek is, veral die bekende bad by Caledon. Vroue het algaande baie rate vir siektes versamel. Johanna Duminy vertel in haar dagboek hoe sy tydens hulle besoek aan die warm bad by Caledon 'n siek vrou gedokter het vir 'n ontsteking in die been. Daar is 'n pap gemaak van wilde dagga, cessiesblare (malva parviflora), 'n groot lepel vet en ou brood. Dit is op 'n lap gesmeer en op die been geplak, waarna die pyn direk bedaar het.[50]

In die Stellenbosse museum is daar die oorspronklike boek met rate vir siektes van die weduwee Blankenberg in haar eie handskrif, uit die jaar 1819. Hierin is voorskrifte vir byna elke denkbare kwaal. Gebraaide turksvyblare is byvoorbeeld gebruik vir "de witte zere keel" en "voor de wurg ziekte" was daar die volgende raat: "een lant schilpat onder de as gebraden, de ingewant heel uijtgehaalt, en op een lap gesmeert en dat warm op de keel gelegt"; vir hoofpyn: "Zuurdeeg, mostert en azijn onder aan de voete gelegt."[51] Van hierdie middels het waarskynlik verligting gebring, tesame met die medisynetrommeltjie wat in elke pioniershuis te vinde was en ook kruie uit die veld, soos wildeals, wynruit, vinkel, roosmaryn, kattekruie, vlier en tiemie.

Talle vroue het egter beswyk as gevolg van komplikasies tydens kindergeboorte. Daar was wel vroedvroue van wisselende bekwaamheid. Dr. J.F. Häszner wat in 1791 in Graaff-Reinet distriksgeneesheer was, het in sy manuskrip, "Huislijk geneeskundig Handboek voor de Ingesetenen van Nederlands Afrika"[52], te velde getrek teen die gewilde, maar uiters onbekwame vroedvroue wat hy "moordenaars van geheele geslagten" noem. Hierdie was een van die grootste enkele oorsake van sterfte onder die pioniersvroue.

Ook onder die pasgeborenes en klein kindertjies was die sterftesyfer hoog. Dit het selde gebeur dat 'n vrou al haar kinders tot volwassenheid sien opgroei het. So het die weduwee Magdalena de Wet, ten tyde van haar huwelik met Piet Retief, van haar nege kinders slegs vyf oorgehad. Van haar en Piet Retief se ses kinders is twee ook vroeg oorlede.[53] Nogtans was die

48. M. Kannemeyer: Dr. Mackrill's Notebook. (Africana Notes and News, Maart 1951, vol. VIII no. 2, p.57.)
49. Adam Tas: Dagboek (red. L. Fouché, V.R.V. Tweede Reeks, nr. 1, p.178).
50. J.L.M. Franken: Die Duminy-Dagboeke (V.R.V. 1938, p.103).
51. Weduwee Blankenberg: Rate vir siektes, ongepubliseerde manuskrip, 15 Okt. 1819, Stellenbosse Museum.
52. Lantern: April-Junie 1962, Jaargang 11 no. 4 (Die Duitse bydrae tot die Ontwikkeling van Suid-Afrika) p.12.
53. A. de Villiers: Vrouegalery, p.43.

gesinne groot. Lichtenstein vertel dat vyf gesinne wat deur sy geselskap in die Groot Karoo besoek is, saam een en vyftig kinders gehad het. As almal gelewe het, sou die getal twee en sestig gewees het.[54] Talle kere moes die moeder egter magteloos toesien hoe haar kind of kinders aan aansteeklike siektes soos masels, kinkhoes, skarlakenkoors en witseerkeel beswyk. Selfs volwassenes het aan hierdie siektes gesterf.

Die groot gesinne het aan die pioniersvrou hoë eise gestel ten opsigte van die versorging van die kinders en die behartiging van die huishouding. In haar huis was die vrou dan ook baas. Na mate die kinders groter geword het, het elkeen egter sy of haar pligte gehad om hulle deel in die daaglikse werksaamhede op die plaas te verrig. Die kinders was ook vroeg uit die huis — seuns dikwels op sestienjarige ouderdom en die dogters selfs nog vroeër.

*8. Die Invloed van die Ontberings op die Pioniersvrou*

Uit die voorafgaande blyk baie duidelik dat die Afrikaanse pioniersvrou taaiheid en fisiese krag nodig gehad het om die harde pionierslewe te oorleef. Daarby het dit haar aan buitengewone dapperheid en moed nie ontbreek nie. Die reisiger Le Vaillant vertel dat die Afrikaanse boerevrou te perd onvermoeibaar was. Hy noem die voorbeeld van 'n weduwee wat alleen haar plaas bestuur het en wanneer die Boesmans haar vee aanval, op die perd gespring en hulle verwilder het. Op 'n ander plaas het die een en twintigjarige dogter haar vader op die togte teen die Boesmans vergesel en talle van hulle platgeskiet.[55]

Lichtenstein vertel van sy besoek aan Kommandant Abraham de Clerk aan die Gamkarivier. In die huis van die gesiene en dapper man was sy weduweemoeder baas. Op vyf en sewentigjarige leeftyd was sy nog baie aktief en het alleen na die Kaap en terug gereis en in die veld na die vee gaan kyk.[56] Jong meisies het ook niks daarvan gedink om drie of vier uur te perd met hulle vaders en broers vir 'n dag of twee by vriende te gaan kuier nie. Lichtenstein vertel ook van die vrou van veldkornet Hugo in die Koue Bokkeveld naby die Breërivier, wat elke jaar twee of drie weke na die geboorte van haar jongste baba, met haar kind in die arms te perd oor die berge is na Roodezand om die kindjie te laat doop. Sy het dan dieselfde dag weer teruggekeer. Lichtenstein merk op dat die vroue kort na 'n bevalling weer op die been was en hulle huislike pligte hervat het.[57]

Die reisiger Barrow, beskryf 'n tipiese pioniersvrou in die Karoo soos volg: "The mistress of the mansion, at the age of sixty, mother of sixteen children, was a tall, straight, well-looking and active woman; and all the people ..... were of a stature exceeding the common size of man."[58] Barrow beskuldig nietemin die Afrikaanse pioniersvrou van luiheid en traagheid. Hierop is Lichtenstein se kommentaar: "Indeed, however indolent and spiritless the African women may appear, when seen only seated at their teatables, they show the utmost resolution in any time of danger, and many striking examples of female heroism particularly in the last Caffre war, have been exhibited by them."[59] Selfs Barrow, wat min goeds oor die pionierboere

54. H. Lichtenstein: a.w. I, p.139.
55. A.J. Böeseken: a.w., p.260.
56. H. Lichtenstein: a.w. II, p.43.
57. H. Lichtenstein: a.w. I, p.166.
58. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, vol I p.135.
59. H. Lichtenstein: a.w. II, p.44.

te sê het, noem die volgende van die vroue van die Sneeuberge: ".....and it is not in the men alone that their dangerous situation has called forth their active powers, but the women also evidently possess more animation and lead a less sedentary and listless life than those of the lower divisions."[60]

Waarskynlik som dr. Mackrill die saak nog die beste op waar hy sê: "A South African Farmer would think himself the most miserable Animal upon earth if he had not a wife, she is indeed in most Instances the Staff of his Existence ....."[61] Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die Afrikaanse pioniersvrou dapperheid, moed en fisiese krag nodig gehad het om die ontberings van die pionierslewe te oorleef. Natuurlike seleksie was uiters drasties, waarskynlik vir die vroue nog meer so as vir die mans. Ook moet daar in die oog gehou word dat die vroue gedurende die 17e en 18e eeue aan die Kaap ver in die minderheid was. Dit het meegebring dat slegs die voortreflikste mans vroue gekry het, wat natuurlik die seleksie versterk het. Gevolglik het die kinders wat in hierdie tyd op die voorposte gebore is, sterk eienskappe van sowel vader as moeder geërf en is grootgemaak deur moeders van buitengewone krag en moed.

Huntington skryf in sy bekende werk, "Mainsprings of Civilization": "It is not surprising to find unusual achievements among people descended wholly from such ancestors."[62] Hierdie stelling word wel deeglik bewys deur die heroïese geskiedenis van die Groot Trek en die latere Vryheidsoorloë. Huntington gaan verder: "The conclusion is that if the selective forces are strong enough, and if the people who are selected are sufficiently isolated, the results of selection by migration may persist with amazing strength for centuries."[63] As die harde bodem van Suid-Afrika en die isolasie van die pioniers gedurende die 18e en 19e eeu in ag geneem word, beteken bogenoemde stelling van Huntington dat die Afrikaanse pionier van hierdie tydperk en ook die pioniersvrou aan hul nageslag 'n kosbare erfenis van fisiese krag, moed, onverskrokkenheid, taaiheid en deursettingsvermoë nagelaat het.

60. J. Walton: a.w., p.57.
61. M. Kannemeyer: Dr. Mackrill's Notebook (Africana Notes and News, Maart 1951, vol. VIII no. 2, p.58).
62. E. Huntington: Mainsprings of Civilization, p.124.
63. E. Huntington: a.w., p.126.